



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas



Jaargang 15 no 11
November 2006

Tema: Kerkhervorming

- Reformasie en Renaissance.....2
- Reformasie en Sending..4
- Reformasie in die kuns..5
- Adam, moenie vir Eva wegvlug nie7
- Onderhoud met prof AJ de Visser.....9
- Prediker.....12
- Moeite in die kerk15
- Seksualiteit en die kind..17
- Skeuring in die Gereformeerde Kerke in Nederland.....19
- Dominokrasie?.....22

Reformasie of Rewolusie?

Dit is die maand Oktober. En dit laat jou onherroeplik dink aan die datum van **31 Oktober 1517**. Maarten Luther spyker 95 stellinge teen die deur van die kasteelkerk van Wittenberg. Die Reformasie is gebore en dit sal soos 'n veldbrand deur die héle Europa uitkring.

Alles pure menslike gedoente? Allermens – God Self gryp in die geskiedenis van sy kerk in. Want wat het in hierdie tyd in die kerk gebeur? Die misoffer het in die plek van die nagmaal gekom, beelde is vereer, Maria en ander “heiliges” is aanbid. Die prediking het vrywel verdwyn – in die plek van die preekstoel is daar die altaar vir die misoffer. En wat betref die regering van die kerk – ‘n puur hiërargiese stelsel met die pous aan bewind en onder hom weer kardinale, aartsbiskoppe, priesters, ens. Die afskuwelikste wanpraktyk in die kerk was die aflaathandel. Mense kon hulle sondes afkoop, ook dié wat nog gedoen sal word en ook die sondes van diegene wat reeds gesterf het! Dit is maar enkele aspekte wat die Reformasie voorberei het. Maarten Luther kom in verset hierteen.

Vroeër en vandag is daar mense wat beweer dat sulke optrede suiwer menslike handeling is. En dat dit eerder kerkskeuring (rewolusie) as reformasie (vernuwing of herstel) is. Die eenheid van die kerk, so word gesê, word verbreek. Maar wie hervormende optrede in die kerk sien as ‘n skeuring, sien nie God se genadige ingrype in die geskiedenis van die kerk raak nie. Dit is nie maar “’n Maarten Luther” wat in die geskiedenis van die kerk optree nie, maar God Self.

Om maar ‘n enkele voorbeeld uit die Skrif self te noem: God gryp in die geskiedenis van sy kerk in – dit is die tyd van die rigters – “elkeen doen wat reg is in eie oë”. Ons lees dat die Woord van die Here skaars was in hierdie tyd. God verwek dan vir Homself ‘n profeet (Samuel) deur wie Hy sy Woord aan die volk sou deurgee. En Hy gebruik ‘n eenvoudige, gelowige vrou, Hanna. God Self bewerk dat sy genadige Woord weer in Israel mag klink. Wie bely dat Jesus Christus die Hoof van sy kerk is, moet ook bely dat Hy die geskiedenis van die kerk lei, dat Hy sy kerk deur sy Woord en Gees bymekaarmaak en regeer.

Die uiteindelijke saak wat tot die Reformasie aanleiding gegee het, is dat die Woord van die mense af wegeneem is. Alleen die kerklike leiers kon die Bybel lees. Die gewone lidmaat moes die “evangelie aflees” uit gebrandskilderde vensters en beelde! Maar die lewende verkondiging van die Woord van God is juis die middel waardeur Christus vir Hom ‘n gemeente bymekaarmaak!

Die Reformasie het juis weer hierdie Woord in ere herstel. In die plek van ‘n altaar kom ‘n eenvoudige preekstoel – die evangelie van genade klink weer. God se beloftes in Christus word weer verkondig. Selfs die Bybel word vertaal en gedruk – mense kan weer self God se Woord lees.

Dus – reformasie of rewolusie? Allermens. Ons mag vandag die vrugte smaak van God se genadige ingrype in die lang geskiedenis van sy kerk. Die Reformasie is vir ons inderdaad ‘n geskenk van God. Maar terselfdertyd ook ‘n opdrag: **”bly in dit wat julle van die begin af gehoor het”**.

Carl van Wyk

REFORMASIE EN RENAISSANCE

Dr Jan Meijer

TEMA: KERKHERVORMING

Wat het die Reformasie van die kerk te doen met die vernuwing in die kunste?

Die kombinasie van die begrippe Reformasie en Renaissance kan hierdie vraag oproep. Die twee genoemde ontwikkelings wat die einde van die Europese Middeleeue gekenmerk het, mog dan min of meer gelyktydig plaasgevind het, dit beteken tog nie dat daar enige verband is nie!?

Tog is dit wel deeglik die geval. Die misverstand oor die aktualiteit van die Renaissance word veroorsaak deurdat hierdie herlewing dikwels eensydig met die kunste verbind word. Die Renaissance se invloed was egter baie wyer as dit.

Wêreldbeeld

Die Renaissance was in die eerste plek 'n verset teen die geykte reëls, die vaste vorme en die gevestigde strukture. Vir hierdie tradisionele middeleeuse samelewing is, met 'n beroep op die oudheid, na 'n alternatief gevra en gesoek. Sonder om dit in onderdele uit te werk, kan 'n mens stel dat die middeleeuse wêreldbeeld deur die Renaissance omver gewerp is.

Die kenmerk van die Middeleeue was sy geslote wêreldbeeld. Alles het sy vaste plek gehad. Die Pous met sy kardinale en geestelikheid in die kerk en die keiser met sy hertoë en grawe in die wêreld. Aan die gesag van hierdie twee hoofde en hulle verteenwoordigers is nie getwyfel nie. Alle vrae oor lewe en dood, oor goed en kwaad, oor kennis en geloof het hul stereotipe antwoorde gehad wat niemand bevraagteken het nie. Dit was nie toegestaan om daarvoor vrae te vra nie. Daar was geen ruimte vir kritiek, geen plek vir nuwe idees, geen strewe na ontwikkeling nie.

Natuurlik was daar wel verandering en ontwikkeling, maar dit is altyd in die bestaande orde ingebed. Iets wat daarmee in konflik gekom het, is beslis afgewys. Bekend is die voorbeeld van Galileï. Nadat hy wetenskaplik vasgestel het dat die aarde rondom die son beweeg, is hy deur die Pous tot die orde geroep. Die bewering van Galileï het teen die bestaande wêreldbeeld, wat volgens die oortuiging van die kerk op die Bybel gegrond was, ingedruis. En Galileï het, teen sy eie oortuiging in, sy wetenskaplike stelling herroep.


Teenoor hierdie dwangbuis vir die menslike gees het die Renaissance 'n oop wêreldbeeld bevorder. Juis die stel van vrae is aangemoedig en nog meer die soek van antwoorde. Ons huidige wetenskaplike metode het daar begin. Alles moet ondersoek word, alles mag bevraagteken word. Die mens is nie langer 'n volgsame wese wat net luister en gehoorsaam nie; hy praat, hy dink en soek sy eie weg. Hy eksperimenteer, maak foute en leer daaruit en kom uiteindelik tot verbasende resultate.

Humanisme

Die bekende Rotterdammer Desiderius Erasmus is die bekende filosoof van die Renaissance. Baie van die nuwe idees is deur hom geformuleer in wat nou bekend staan as die humanisme. Nou ken ons vandag die term humanisme as iets wat duidelik nie-Christelik is. Erasmus het egter gepoog om tussen die destydse moderne opvattinge oor die waarde en die rol van die mens enersyds en die geloof en die Christendom andersyds 'n brug te slaan. Hy het ook as kenner van die klassieke tale 'n groot bydrae gelewer tot die Reformasie. Aan hom het ons die vasstelling van die

Griekse teks van die Nuwe Testament te danke.

Een van die groot doelwitte van die Renaissance-geleerdes was juis om die ou Griekse en Latynse bronne van die westerse beskawing in ere te herstel. Hierdie werk van herlewing was nie beperk tot die heidense werke nie, maar het ook die vroeg-Christelike skrywers ingesluit. Die kennis van die ou tale het sterk opgeleef en uiteraard het die bestudering van die ou bronne weer nuwe kennis opgelewer.



Dit is verstaanbaar dat die humanisme groot waarde aan onderwys geheg het. Talle skole is gestig en die werk aan die universiteite is verdiep en uitgebrei en aan die ou erkende vakke is nuwe takke van wetenskap toegevoeg. Hierdie skole is druk besoek en aangesien die algemene taal van onderrig Latyn was, was dit vir die studente moontlik om deur die hele Europa te reis en orals die lesings van die beste dosente by te woon. Van hierdie blootstelling het 'n geweldige vormende waarde uitgegaan.

Reformatore

Wie die lewensverhaal van die groot reformatore lees, sal steeds in aanraking kom met die feit dat elkeen van hulle in sy jeug die klassieke 'humanistiese' opleiding ondergaan het. Dit beteken dat almal onder die invloed van die nuwe kritiese gees, die moderne metode van wetenskap, gestaan het en ook die konfrontasie met die ou Christelike skrywers soos Augustinus ondergaan het. Dit het by hulle die behoefte gekweek om altyd by die kern van 'n saak uit te kom. Hulle kon nie tevrede daarmee wees om ander mense na te praat nie, hulle moes selfstandig tot 'n oortuiging kom. Kritiek was vir hulle nie 'n negatiewe saak wat die gesag van pous en keiser debatteerbaar gestel het nie; 'n kritiese gees was juis 'n positiewe saak waardeur die mens tot 'n eerlike insig en goed gefundeerde standpunt kon kom.

By elk van die reformatore is die invloed van hierdie vorming duidelik aanwesig. Calvyn se 'Institusie' sou nie tot vandag toe 'n standaardwerk van betekenis gewees het sonder sy vorming in die 'humanistiese' wetenskappe nie. Sy vermoë in analise en sintese en sy oefening in die gebruik van taal, alles ontwikkel tydens die skoling, het daartoe bygedra dat hy so 'n belangrike bydrae tot die Hervorming kon lewer.

Botsing

Die grondslag van die filosofie van die humanisme is die waarde en rol van die mens. In die Middeleeue was die gesag iets wat by die hooggeplaastes in kerk en keiserryk behoort het. Daar is die antwoorde gegee en die reëls gestel, dikwels in naam van God.

Die Renaissance het hierdie monopolie betwis en aan die mens 'n vernamese rol toegeken. En Erasmus mog nou probeer het om ou en nuwe idees met mekaar te versoen, daar sal uiteindelik antwoord gegee

moet word op die vraag wat die bron van alle kennis, bevoegdheid en gesag is. Is dit die menslike gees wat steeds nuwe vrae opper en meer verfynde antwoorde uitdink, of is daar 'n gesag buite en bo die mens?

Op hierdie punt het die botsing tussen die ontwikkelende humanisme en die Hervorming plaasgevind. Vir die Hervormers was juis die Woord van God die bron van kennis en waarheid. Die Sola Scriptura was vir hulle die enigste uitgangspunt. Daarteenoor moes die humanisme, vasgevang in sy persepsie dat die mens die belangrikste rol moes speel, die uitkomst van die wetenskap wel as hoogste goed aanprys. Die mens self bepaal dus die kennis en die waarheid.

'n Bekende voorbeeld hiervan is die stryd tussen Luther en Erasmus oor die vrye wil van die mens. Vir Luther was die wil van die mens gekneg deur die sonde, vir Erasmus was die wil van die mens juis sy grootste bate. Die humanisme het daarna steeds verder in onchristelike sin ontwikkel en die westerse wêreld beïnvloed.

Miskenning?

Kom hierdie verhaal nou nie daarop neer dat die Reformasie van die kerk afgeskaal word tot 'n byproduk van die Renaissance nie? Soos die groot geestelike verandering van die Renaissance die wêreldbeeld gewysig het, so het dit die kunste beïnvloed, die wetenskap uitgebrei en ook op die kerk ingewerk?

Nee, beslis nie. Ons sien in die Hervorming wel deeglik die direkte hand van God wat op sy tyd en volgens sy wil ingryp. Soos ons in die Bybel talle voorbeelde het van God se magtige hand tot verlossing, so sien ons dit ook in die kerkgeskiedenis raak. Maar die een ding sluit die ander nie uit nie. By talle van die Bybelse voorbeelde sien ons ook hoe God juis mense en omstandighede gebruik om sy instrumente te vorm.

Moses was deur die Here bestem om sy volk uit Egipte te lei. En hoe het die Here hom nie daartoe voorberei nie: opgelei in alle wysheid van die Egiptenare en daarna 'n jarelange woestynervaring en persoonlikheidsontwikkeling voordat hy as instrument gereed was.

Dawid was bestem om as man na God se hart die afskaduwing van God se eie koningskap te wees. Maar hy moes dit leer deur stryd en vervolging voordat hy uiteindelik die koningskap oor die hele Israel kry, iets waarvoor Samuel hom baie jare tevore gesalf het.

So ook sien ons in die tyd van die Hervorming dat God sy uitgesoekte instrumente slyp en vorm in 'n proses van studie en vorming. Nee, die Hervorming was nie 'n byproduk van die Renaissance nie, veeleer was die Renaissance die ploeg wat die aarde vir die oes van die Hervorming moes voorberei.

Toepaslik

Is daar in hierdie verhaal ook iets vir vandag?

Ook ons huidige samelewing verander teen 'n hoë spoed. Die gevestigde idees vanaf die tyd van die Renaissance kom vandag weer onder druk te staan. En aan die ander kant sien ons die afval in baie kerke toeneem.

Hoe moet ons eie opstelling teenoor hierdie veranderings wees? Kan byvoorbeeld nuwe tegnologie iets toevoeg aan ons arsenaal om die Bybelse waarheid te verdedig, te bewaar en te verkondig? Kan nuwe opleidingsmetodes en maniere van verkondiging van betekenis wees vir die kerk van vandag? Dit moet tog moontlik wees om die ou waarhede in die taal van vandag aan die moderne mens oor te dra. In hierdie opsig kan ook die Hervorming van die sestiende eeu ons tot voorbeeld strek en inspireer.

REFORMASIE EN SENDING

Dr Hannes Breytenbach

TEMA: KERKHERVORMING

Aktualiteit

- Het die kerk vandag nog 'n taak ten opsigte van sendingwerk? Daar word deur vele gereken dat Suid-Afrika gekersten is. Mense wat hulle kerke kwytgeraak het, meen hulle, moet wel teruggebring word kerk toe.
- Bring die nadruk op die suiwer leer in ons sending-werk nie onnodige verskille na vore nie? Daar word geredeneer dat leerverskille maar gerus tuis hoort by die sendende kerk en nie oorgedra moet word na die nuut geplante kerke nie.
- Was die reformasie die sending enigsins goedgesind? Het sending hoegenaamd in hulle teologiese uitgangspunte gefunksioneer? Vanuit die aanvaarde inbeelding van wat sending-werk is, word neergesien op die reformatore se prinsipiële vertrekpunte oor die sending.

Inbeelding

Die begrip van sendingwerk wat die negentiende en twintigste eeue oorheers het, is 'n inbeelding vanuit protestantse heiligings- en herlewingsbewegings. Die groot stryd kreet word gevind in die opdrag van die Here in Mattheüs 28:19 aan sy dissipels. Die werkwoorde “gaan”, “doop” en “leer” word oorgeneem deur “warm” sendingbelangstellers en gebruik in 'n persoonlike sin. Die fokus is op die individue wat dissipels moet word en nie op Christus se kerkvergaderende werk nie. Hierdie invulling van sendingwerk hou nie rekening met die verband van Mattheüs 28:19 in die konteks van die Skrif nie. Die saak waarom dit in Mattheüs 28:16-20 gaan, is die apostolaat: die getuienis aangaande Jesus Christus sal deur

die apostels uitgedra word en Christus sal dit gebruik in sy regering tot op die laaste dag in die versameling van sy gemeente. Dit hou in dat, ná die dood van die apostels, getroue dienaars die skriftelike getuienis van die apostels (die evangelie van Jesus Christus) verder sou neem en dit tot aan die eindes van die aarde verkondig.

Die reformasie se sig op sending behoort nie beoordeel te word vanuit die oorheersende inbeelding van die sending met verwysing na 'n verkeerde lees van Mattheüs 28:19 nie. Calvyn het die unieke plek en taak van die apostels beklemtoon teenoor die eis van die pous om erken te word as die opvolger van die apostels. Luther het beklemtoon dat, teenoor die klem op die menslike handeling in die Rooms-Katolieke sendingwerk, sendingwerk in die eerste plek die werk van God self is. Christus is die Hoof van die kerk, Hy lei haar, Hy red haar, Hy heilig haar, maar Hy laat haar ook vermeerder. Die reformatore is verkeerdelik daarvan beskuldig dat hulle sendingwerk sou beperk tot die apostels en dat na die dood van die apostels daar vir hulle geen sendingwerk meer te doen is nie, dat dit afgehandel sou wees. Vanuit die apostolaat gedink, skryf Calvyn as kommentaar op Mattheüs 28:20 (Engelse vertaling): “We must note that this is said not only to the apostles, for the Lord promises His aid not to one age alone, but to the end of the world. It is precisely as if He said that, whenever the ministers of the gospel are weak, and labour under the lack of everything, He would be the Guardian, so that they may come out victorious over all the world's conflicts. Thus today clear experience teaches that Christ

works in a hidden way, marvellously, and the gospel prevails over numerous obstacles....”

Vir Luther is dit 'n uitgemaakte saak dat elke gelowige verantwoordelik is in die verspreiding en uitdra van die evangelie. Hy verwys na die Ethiopiese hofdienaar, Handeling 8, wat hom bekeer het en gedoop is, en hy meen dat hierdie man nie anders sou doen nie as om die evangelie van Jesus Christus by sy terugkeer in sy eie land uit te dra. Die eenheid in die geloof het vir die reformasie voorop gegaan. Dit sluit aan by die apostolaat. Hulle het hulle een met die vroeë kerk gewet. Hulle kon aansluiting vind by die verspreiding van die evangelie in Handeling 8 en in die kerk van die eerste eeue deur die gelowiges in hulle daaglikse handel en wandel.

Sendingwerk in die sestiende eeu – die eeu van die Hervorming

Die bedreiging van die Turke (wat Moslems was) het Luther skerp laat reageer. Maar hy reageer ook skerp teen die kruistogte van die pouse teen die Turke – hulle moes in plaas van die kruistogte die evangelie na die Turke toe geneem het sodat hulle die evangelie kon hoor. En wanneer die Christene in oostelike Europa onder die oorheersing van die Turke ly, moedig hy hulle aan om hulle in aanraking te bring met sy Kategismus.

Ten opsigte van die Jode het Luther daarop gewys dat die pous met sy optrede verantwoordelik daarvoor was dat hulle nie die evangelie wou aanvaar nie. Maar Luther het probeer om die Jode se agtergrond en situasie goed te verstaan, sodat “die hele Israel gered word”. Hy het ook met 'n geskrif die Jode op Christus gewys.

REFORMASIE IN DIE KUNS

Maria deur die oë van Duccio en Rembrandt

Jenny Boon

TEMA: KERKHERVORMING

Die beeldestorm

Voor die Reformasie was 'n kerk belaaï met kunswerke: pragtige glas-in-lood kerkvensters, mure beskilder met Bybelse taferele of voorstellinge uit die lewe van die heiliges, beelde langs die mure, te veel om op te noem. Die kerkgan-ger sou beswaarlik kon konsentreer op die preek, met soveel pragtige versiersels wat sy aandag kon aflei. Nie dat dit saak gemaak het nie, die preek was tog in Latyn. Die gewone man kon dit nie verstaan nie. Die beelde en skilderye in die kerk was die "boeke van die leke". Daardeur het die mense kennis gemaak met die Bybelse boodskap.


Die Reformatore met hulle "Sola Scriptura" het die Bybel vir die gewone man toeganklik gemaak. Kuns mag nie die plek van die Woord inneem nie. Daar het 'n beeldestorm gevolg waartydens die mense baie van die pragtige kuns in die kerke verniel het. Die beelde is as simbool gesien van die onderdrukkende mag van die kerk en die mense het hulle gramskap teen die kerk op die beelde uitgehaal. Iets wat die Reformatore trouens ten sterkste veroordeel het, en wat die saak van die Reformasie baie skade berokken het.

Vir die kunstenaars het die Reformasie teweens 'n omwenteling beteken. Voorheen was die kerk hulle belangrikste opdraggewer en Bybelse tonele die enigste onderwerp. Die kunstenaar het nou sy werk aan privaat opdraggewers verkoop. Hy maak nou naas Bybelse voorstellings ook portrette, stillewes en historiese skilderye.

Behalwe dat die onderwerpe wat geskilder word, verander, het die invloed van die Reformasie ook veel dieper gestrek. Wanneer twee kunstenaars – die een voor en die ander na die tyd van die Reformasie - dieselfde onderwerp skilder, is daar 'n baie groot verskil in die aanpak. Dit het onder meer te make met die verskil in teologiese klimaat waar-binne daardie werk gemaak is. Om dit te illustreer, wil ek twee skilderye waarop Maria afgebeeld is met mekaar vergelyk. Die skildery

Madonna Rucellai (1285) van Duccio en die skildery Heilige familie met engele (1645) van Rembrandt.

"Madonna Rucellai" van Duccio
Duccio di Buonisegna (1250-1318) het in Italië gelewe, lank voor die Reformasie. Van sy hand is die skildery Madonna Rucellai (afbeelding 1), gemaak in opdrag van die kerk Santa Maria Novella in Florence. Maria word afgebeeld as die heiligste van alle heiliges.



Afbeelding 1: "Madonna Rucellai" (1285) van Duccio

Sy het 'n pragtige blou gewaad aan en 'n stralekrans om haar hoof. Die engele kniel voor die troon waarop sy sit. Daar is gebruik gemaak van die pragtigste pigmente. Die agtergrond is bedek met goud en vir Maria se kleed is blou gebruik. Blou was naamlik die kosbaarste pigment uit daardie tyd en altyd vir Maria gereserveer. Haar gesig is volgens 'n ideaalbeeld geskilder. Nie 'n Maria waarmee ons sou identifiseer nie. Eerder 'n heilige, verhewe figuur in 'n hemelse omgewing. Iemand tot wie selfs gebid is.

“Die Heilige familie met engele” van Rembrandt

Rembrandt van Rijn (1606 -1669) lewe in die sewentiende-eeuse Protestantse Nederland. Wanneer hy Maria skilder in Die Heilige

familie met engele (afbeelding 2), sien ons 'n totaal ander voorstelling as by die Middeleeuse Roomse Duccio. Maria word uitgebeeld as 'n gewone Hollandse huismoeder. Sy lees uit die Bybel terwyl sy langs die wieg sit. Josef is in die agtergrond besig om iets te timmer. Bo die wieg sweef 'n paar engeltjies. Vanuit die linkerkantse hoek val 'n hemelse lig op die teks wat Maria besig is om te lees. Dit lyk asof dit ook haar denke verlig en daar iets tot haar deurdring met betrekking tot die teks wat sy lees. Hierdie Kind van haar se koms is reeds lankal deur die profete geopenbaar. Sy lig die kleed oor die wieg op om hierdie waarheid ook aan die toeskouer te openbaar. Die kind Jesus, wat tereg op die voorgrond afgebeeld word, is die beloofde Messias.

'n Groep engele sweef in die ligbaan wat vanuit die bokant die skildery verlig. Hulle verkondig die hemelse afkoms van hierdie Kindjie. Die een bly bo die wieg hang in 'n seënende gebaar. Sy liggaamshouding met die gespreide arms voorspel reeds die kruisdood van Christus.

Josef is in die donker agtergrond besig om 'n juk te maak. 'n Heel alledaagse besigheid, maar met 'n diep simboliese betekenis. Dit verwys na 'n profesie in Jesaja aangaande die Messias waarin die juk 'n sleutelrol speel:

“Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien ... want die **juk** wat op hulle gedruk het en die stok wat hulle rug getref het, die **roede** van hulle drywer, het U verbreek soos op die dag van Midian... want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee, en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoors....” (Jesaja 9:1-5)

Die stukkende stukkie hout in die voorgrond stel die verbroke roede voor waarvan daar ook in die teks gepraat word.

Op 'n pragtige manier het Rembrandt in hierdie skildery daarin geslaag om Christus se vleeswording uit te beeld. Ons leer die Kindken as die Beloofde - reeds lankal voorspel deur die profete. Hy is hier op aarde gebore, maar het 'n hemelse afkoms. Sy wonderlike taak is om ons deur sy kruisdood te bevry van die juk van die sonde.

Maria en die Reformasie

'n Vergelyking tussen Rembrandt en Duccio se Maria vorm 'n pragtige illustrasie van die verandering in visie op Maria wat die Reformasie teweeggebring het. Die Middeleeuse en Roomse idee was dat 'n mens self kon bydra tot sy eie redding. Deur goeie werke te doen, sou 'n mens kon opklim na 'n staat



Afbeelding 2: “Die heilige familie met engele” (1645) van Rembrandt

waarin hy aanvaarbaar is in God se oë. Van hierdie staat is Maria 'n simbool. Sy is 'n voorbeeld vir die gelowige en 'n aanmoediging om ook so heilig te probeer wees.

Wanneer die gelowige egter nie in staat is om so te lewe dat hy hierdie heiligheid kan bereik nie, kan dit hom in 'n ernstige geloofskrisis laat beland. Dit was ook by Luther die geval. Hoe hard hy ook al probeer het om goeie werke te doen, hy kon net nie rus vind nie, omdat hy sy eie sondigheid besef het. Dit was vir hom dan ook 'n groot bevryding om te ontdek dat ons eie geregtigheid 'n geskenk is wat ons nie self hoef te verdien nie. Hy skryf: "Die goddelose hou die oë omhoog, gerig op deug, geregtigheid en wysheid; die vrome daarenteen hou die oë

omlaag, gerig op swakheid, sonde en dwaasheid. Hy bedoel daarmee: deurdat 'n mens jou wil rig op die bereiking van heilige ideale, verbeel jy jou dat jy jouself kan red. Dit is beter om onder die indruk te wees van jou eie swakheid, sodat jy jou redding van Christus verwag.

Oor Maria skryf Luther dan ook dat sy nie deur God uitgekies is as gevolg van haar verhewenheid of heiligheid nie. Sy was nie 'n heilige of geestelike nie. Maar "einisz gemeinen armen Burgersztochter", dit is: 'n gewone arme burgermeisie: onaansienlik, onopvallend, die versorgster van die huishouding.

Rembrandt se Maria pas binne hierdie klimaat. 'n Eenvoudige, alledaagse Maria in 'n huislike omgewing.

Sy is 'n mede-sondares wat net soos ons afhanklik is van die genade van Christus. Dit val veral op as dit vergelyk word met die verhewe Maria van Duccio wat aan ons as voorbeeld en ideaal gestel word.

Twee Maria's, maar wat 'n wêreld se verskil!

NS: Vir wie meer wil lees oor die invloed van die Reformasie op die kuns, kan ek die volgende boek aanbeveel: "Kleinood en aanstoot. De Honderd guldenprent en andere bijbelse storieë van Rembrandt" deur W.L. Meijer (1995, Leiden)

ADAM, MOENIE VIR EVA WEGVLUG NIE

Die siel van die vrou is die enigste egte aanvulling vir die siel van die man

Ds Erik van Alten

ELDERS GELEES

In die *Kompas* van Oktober 2006 was daar 'n bespreking van die boek van Gerry Velema-Drent, getiteld *Echtgenoten*. Hieruit het duidelik geblyk hoe ryk dit is wanneer man en vrou openlik oor hulle seksualiteit kan praat. In die Nederlandse tydskrif *CV Koers* (Julie-Augustus 2006) het ek vervolgens 'n artikel van Velema-Drent raakgelees, waarin sy verder op hierdie tema voortbou. Ek gee 'n gedeelte van hierdie artikel weer.

Bewustelik verskillend

Naas die (omgang met) seksualiteit is daar talle verskille tussen man en vrou. Karakterverskille kan 'n huwelik versteur – bekering is God se antwoord hierop. Onvolwassenheid kan 'n liefdesverhouding

verbreek – groei is God se antwoord hierop. En dan is daar ook stereotipe verskille: die man is sus, die vrou is so – hierdie verskille is egter tot 'n seën vir ons gegee!

Verskille is as 'n uitdaging vir ons gegee... Verskille is nie negatief nie, wel soms lastig in 'n verhouding tussen twee onvolmaakte mense. God het een mens tot twee mense gemaak, sodat ons altyd saam sou wees. Nie alleen nie, maar saam! Hy het ons bewustelik verskillend gemaak. Nie twee makkers nie, ook nie hartsvriendinne nie, maar 'n man en 'n vrou.

Glo ons dit? Want hierdie feit impliseer dat die mees kosbare en vrugbare menslike verhouding die man-vrou-verhouding is. As jy dit

onderskryf, moet jy ook daarvolgens handel. Dan sal jy aan die werk moet gaan en aan die werk moet bly om die verskil tussen man en vrou positief te waardeer en te gebruik. Hoe waardeer jy hierdie verskil? Die manne in Jesus se dae het hulle soms oor hierdie verskil vererg. In Matthéüs 19 lees ons hoe die dissipels wanhopig na mekaar gekyk het toe Jesus hulle geleer het dat die skeibrief wel hulle oplossing was, maar nie God se oplossing nie. God het die nut van die verskil gesien, maar sien ons dit ook? God glo daarin. Hy het gesê: "Man en vrou, leef só met mekaar asof jy as mens nooit uit mekaar gehaal is nie. Leef vanuit eenheid, want eenheid is my kenmerk!" (Gen. 2:23-24; Joh. 17; 1 Kor. 12; Ef. 2).

Só wil God een wees met Christus, só wil Christus een wees met die gemeente, só wil Christus een wees met elke gelowige man, en só wil God hê dat man en vrou een sal wees. In hierdie Gees is ons saamgevoeg. Selfs ons seksuele gemeenskap gee daaraan uitdrukking.


Spieël

Verskil: dit is ons gawe aan mekaar. Dit is jou roeping om só te lewe dat die ander tot sy of haar reg kom in en deur jou lewe! Maar as ons ons aan mekaar steur, dan reageer ons negatief op die verskille. Ook in ons huise geld dat die werking van die vlees die teenoorgestelde doen as wat die Gees van God ons opdra om te doen (Rom. 7). Die Here God sê: “Dien mekaar met julle verskil, luister na mekaar, betrek die ander by jou lewe, wees vrugbaar deur op ‘n goeie manier met die verskil om te gaan” (Kol. 3). Maar die satan sê: “Hy verstaan jou tog nie, vrou. Hou op om daarvoor te praat. Gaan eerder na jou vriendin toe en vertel vir haar wat jou pla.” Of: “Sy help jou niks nie, man. Sjoe, sy is darem maar ‘n dom vrou. Sy los jou net daar en dan as jy haar vertel wat jou pla. Gaan vertel vir jou vriend, jy kan hom vertrou.”

Dit wil nie sê dat dit in jou huwelik nie soms goed is om hulp by geslagsgenote te soek nie. Hulle kan juis vir jou ‘n spieël voorhou. Hulle kan sê: kyk vir ‘n oomblik na my, dan verstaan jy jouself miskien ‘n bietjie beter. Dit is goed om te reflekteer. Dit is belangrik om soms van man tot man of van vrou tot vrou te praat. Hanneke kon glad nie met haar man oor seksualiteit praat nie. Sy was geslote en het daarteen opgesien om met haar man hieroor te praat. Ek het haar aangeraai om eers met ‘n vriendin te oefen. By haar kon Hanneke soek na woorde vir haar gevoelens en haar seksualiteit. Toe dit

duidelik geword het, kon sy met haar man gaan praat.

By geslagsgenote kan ons onself spieël, maar geslagsverskille bied nog méér. Baie godsdienste haal man en vrou uit mekaar. God nie! Die verskille laat ons tot in ons diepste wese voel dat ons man of vrou is. Kyk byvoorbeeld na Johan. Hy het nie so baie spiere soos ander mans nie. Maar vir Anja is hy tog dié man, omdat hy die bottel oopdraai wat sy nie kan oopkry nie. As José haar liggaam vergelyk met dié van ander vroue, dan beteken sy niks nie. Maar in die arms van Peter is sy tuis, en voel sy hoe hy haar as vrou bewonder. So liefdevol en naby soos wat ‘n vrou, in al haar broosheid, ‘n man liggaamlik kan benader, so naby kom ook God se hulp in haar na die man toe.



Siel van die vrou

Die Joodse denker Levinas vertel die verhaal van ‘n man wat die profeet Elia ontmoet het en vir hom gevra het: “Elia, wat beteken die woorde dat die vrou die ‘hulp’ van die man is?” Die profeet het skynbaar geantwoord: “Die man bring koring huistoe, maar maak hy ook brood daarvan? Die man bring linne huistoe, maar maak hy ook klere daarvan?” ‘n Slaaf sou voldoende wees om van die koring brood te maak en van die linne klere. Tog, sê Levinas, is ‘n slaaf nie die antwoord op die werk van die man nie. Dit is die invloed van

die vrou wat die antwoord vorm... hár siel is die hulp van die man.

Adam het haar Eva genoem, moeder van die lewe. Deur haar hand, krag en insig word hongrigeres met brood gevoed. Met linne sal sy kinders klee; sy sal die huis, ja selfs die wêreld, bewoonbaar maak. Die siel van die vrou is die enigste egte aanvulling op die siel van die man.

Gebruik die verskil. Moenie in ‘n mannewêreld wegvlug waarbinne daar geen ruimte is vir die aanvulling van die vrou nie, want dan mis jy die wesenlike. Oral, in probleme, in seën, in die lewe, in die huis, by die werk, in die kerk en in ons samelewing, oral geld hierdie orde van God! Saam is beter! Saam is julle wesenlik meer mens. God glo daarin. Nou moet ons dit nog glo...

Ek vra myself af of Velema-Drent reg doen aan mense wat nie getroud is nie, die sogenaamde ‘alleenstaandes’ in die gemeente. Immers, die Skrif praat nie oor hierdie mense asof hulle ‘minder mens’ is nie. Intendeel, Paulus beveel hierdie staat van lewe selfs aan “vanweë die aanstaande nood” (1 Kor 7:26). Laat ons hierdie lidmate in ere hou!

Nogtans sê die skryfster waardevolle dinge oor die man-vrou-verhouding. Binne die huwelik komplementeer (en hopelik ook: komplimente) man en vrou mekaar. In hul verskille vul man en vrou mekaar harmonieus aan, vorm hulle ‘n pragtige eenheid. Die oproep is duidelik, veral vir die manne: moenie toelaat dat die Godgegewe verskille tussen man en vrou ‘n punt van frustrasie en ergernis word nie. Gebruik dit eerder tot opbou van mekaar en tot meerdere heerlijkheid van die Gewer van hierdie verskille!

UIT DIE OOG, MAAR NIE UIT DIE HART

Lize Kampman

ONDERHOUD

In die bykans anderhalf dekade wat ds Arjan de Visser sending bedryf het in Soshanguve, het die De Visser-gesin diep spore hier in Pretoria getrap. Sedertdien het hulle na Kanada verhuis. Hoewel die volgende onderhoud met hom per e-pos gevoer is, is dit tog 'n bekende stem wat 'n mens by die lees daarvan in jou gedagtes hoor. Dit laat 'n mens weer beseft dat selfs afstande van duisende kilometers nie bande kan verbreek wat in die geloof gesmee is nie.

Arjan, jy werk nou al twee jaar aan die teologiese opleiding in Hamilton. Hoe ervaar julle jul woon- en jy jou werksomgewing?

Kanada is 'n aangename land om in te woon. Ontwikkeling is relatief hoog en kriminaliteit laag. Die mense is oor die algemeen hardwerkend en vredeliewend. Hoewel sekularisasie hier erger is as in die VSA, is die Christelike agtergrond nog duidelik sigbaar. Die eerste minister van Kanada, mnr Stephen Harper, is 'n oortuigde Christen; 'n mens kom dit agter in sy optrede.

Kanada is die tweede grootste land in die wêreld, maar het slegs 30 miljoen inwoners – minder as Suid-Afrika. Daar is baie immigrante-gemeenskappe in Kanada, selfs Suid-Afrikaners. In ons straat woon daar 'n kleurlinggesin van die Oos-Kaap.

Ons sosiale kontakte is meestal in die kerk. Ons is lidmate van die Canadian Reformed Church hier in Hamilton, 'n gemeente van naby die 600 lidmate.

Ons voel nog dikwels soos vreemdelinge en bywoners in Kanada, maar die Here het ons baie geseën. Ons is gelukkig in ons werksomgewing, en ons voel tuis in die kerkgemeenskap hier. Die mins aangename aspek van Kanada – en spesifiek die Ontario-provinsie – is die lang en koue winters. Vanaf November kry ons gereeld sneeu, en dit kan aanhou tot einde Maart. Die voordeel is dat 'n mens vir meer as ses maande nie hoef gras te sny nie, maar ons dink soms met verlange terug aan die Suid-Afrikaanse klimaat.

'n Ander verskil met Suid-Afrika is die politiek. Die probleme is totaal anders as in Suid-Afrika. Die grootste kopseer is die oorlog teen die Taleban in Afghanistan waarin Kanada betrokke geraak het.

Was dit maklik vir julle gesin om aan te pas in die skool, kerk en samelewing?

Vir myself was die aanpassing die maklikste. Ek het onmiddellik my werk by die Teologiese Skool gehad wat ek moes doen – dit hou my besig genoeg, en ek geniet dit. Ek gee Kerkgeskiedenis en verder al die praktiese vakke, soos prediking, pastoraat en sending.

Vir my vrou Inge was dit moeiliker – sy moes van voor af dinge vind om te doen. Maar binne ses maande was haar program vol, en sy het ook goed aangepas.



Vir die kinders was dit die moeilikste, veral vir die oudste twee wat alreeds tieners was. Dit is nie maklik om weer nuwe vriende te kry op daardie leeftyd nie. Dit het egter baie gehelp dat hulle kon inskakel by Christelike skole.

Wat vir ons baie beteken het, was die kerkgemeenskap hier. 'n Mens voel onmiddellik weer tuis. Ook al is die taal Engels, die kerklike tradisie is dieselfde as die Vrye Gereformeerde Kerke s'n.

Is daar 'n verskil in kerkkultuur in vergelyking met SA?

Oor die algemeen is dit dieselfde. Die Canadian Reformed Churches (CanRC) het, net soos die VGKSA, wortels in die Vrymaking van 1944. Die belangrikste verskil met die VGKSA is dat die kerkverband veel groter is – daar is omtrent 50 gemeentes met 'n totaal van om en by 15 000 lidmate. Die spektrum van organisasies en aktiwiteite is breër as wat ons gewoond was. Daar is 'n sterk aksent op onderwys, met gereformeerde laerskole, hoërskole, en selfs 'n eie onderwyskollege.

Ek sou sê dat die Kanadese kerke deur die Here se genade sterk gereformeerd is, sonder om rigied te wees. Een van die uitdagings vir die kerke tans is hoe om die immigrante-verlede af te skud en hoe om 'n sterker getuieis na die Kanadese samelewing uit te dra. Een van die belangrikste temas is evangelisasie. Ek word gereeld gevra om lesings te hou in plaaslike gemeentes, en die onderwerp is gewoonlik: evangelisasie.



***Professore en studente van die Theological College in Hamilton.
Die professore op die voorste ry (van links na regs) is: C. Van Dam, A.J. De Visser, N.H. Gootjes, G.H. Visscher.***

Is daar vanuit die Teologiese Skool baie kontak met Kampen?

Nie baie nie. Die Kanadese kerke het oor die jare heen 'n eie kerklike lewe opgebou, en die bande met die Nederlandse kerke het redelik los geraak. Dieselfde ontwikkeling het plaasgevind met betrekking tot teologiese opleiding. Daar is indivi-

duële kontakte tussen dosente van Hamilton en Kampen, maar daar is geen amptelike kontak of samewerking nie.

Ek kan dit op nog 'n ander manier illustreer: studente van Hamilton het voorheen dikwels na Kampen gegaan vir nagraadse (doktorale) studies. Dit is iets van die verlede. Die meeste studente wat wil verder studeer, verkies om dit by 'n universiteit in Noord-Amerika te doen. Die taal speel ook 'n rol in hierdie opsig: die meeste studente hier kan glad nie Nederlands lees of verstaan nie.

Die Kanadese kerke het saamgesmelt met die United Reformed Churches (URC). Watter invloed het dit op die kerk en die Teologiese Skool?

Wag 'n bietjie, die CanRC het nog nie saamgesmelt met die URC nie! Daar is besluit op 'n pad van eenwording, en ons is tans in "fase twee" – wat onder andere beteken dat predikante oor en weer kan preek. Verder is daar verskeie sinodale kommissies wat besig is om liturgiese en kerkorde-like sake uit te sorteer.

Ons is egter nog ver van daadwerklike eenwording. Die groot turksvly in hierdie stadium is teologiese opleiding. Die CanRC het 'n eie teologiese opleiding in Hamilton. Ons kerke handhaaf die beginsel dat die kerke – indien moontlik – 'n eie seminarie behoort te hê. Die URC meen egter dat 'n kerkverband juis nie 'n amptelike seminarie moet hê nie. Hulle dink dat dit gevaarlik is (negatiewe ervarings met Calvin Theological Seminary speel 'n rol in hierdie opsig). Teologiese studente van die URC studeer gewoonlik by Mid-America Reformed Seminary (naby Chicago) of by Westminster Theological Seminary (in Kalifornië). Geen van beide seminaries is egter deur die URC erken as hulle 'amptelike' opleiding nie.

As gevolg van hierdie en nog ander faktore, verwag ek dat dit nog baie jare sal neem voordat die CanRC en die URC daadwerklik verenig. Intussen is dit 'n goeie saak dat predikante oor en weer kan preek en dat daar sekere vorme van samewerking is.

Dit wil voorkom asof elke land 'n ander kerkkultuur het. Hoe hanteer julle dit in die teologiese opleiding?

Ons ‘cater’ nie vir kerkkulture nie. Die meerderheid studente is Kanadese, maar daar is ook studente van Australië, Suid-Afrika, Korea, Rusland en Soedan. Ons kan gevolglik nie op een land se situasie fokus nie. Ons probeer om studente voor te berei op verskillende bediening-situasies, soos bv. gevestigde gemeentes en die sendingveld. Maar die studente sal dit wat hulle in Hamilton leer, later self moet toepas in die land en die situasie waar die Here hulle roep.

Hoe sien jy met ‘n terugblik na die verlede nou die sendinggebeure in SA?

Dit was ‘n voorreg om vir 15 jaar in die sending in Soshanguve te mog werk, en ek is baie dankbaar om te hoor dat die werk voortgaan en steeds geseën word. Dit illustreer dat die werk nie van mense afhanklik is nie. Ek het in ‘n plantingsfase gewerk, en ek dink ek het sekere gawes daarvoor gehad. Nou is daar ‘n volgende fase met nuwe uitdagings, en ander kollegas is meer geskik om dit te hanteer. ‘n Mens sien iets van wat Paulus beskryf in 1 Korinthiërs 3: Daar is sommiges wat plant, daar is ander wat natlei, en dit is die Here wat laat groei.

Ek was baie bly om te verneem dat die klassisse gere-organiseer is, en dat die twee swart gemeentes en die twee wit gemeentes in groter Pretoria nou een klassis vorm. Dinge het baie positief ontwikkel!

Ek hoop dat die VGKSA sal oorweeg om naas Afrikaanssprekende en Sothosprekende gemeentes ook Engelssprekende gemeentes te stig. Vanuit ‘n “sending-strategiese” oogpunt is daar ‘n enorme gaping in Suid-Afrika – daar is geen heenkomme vir Engelssprekendes wat gereformeerd wil wees nie. Hulle beland gewoonlik by die gereformeerde baptiste of by die konserwatiewe Anglikane. Dit sou so baie kon beteken vir die toekoms van Suid-Afrika as daar Engelssprekende, gereformeerde, multi-kulturele gemeentes was!

Jy het waarskynlik kennis geneem van die nuwe ontwikkelings met betrekking tot ons “eie teologiese opleiding”. Wil jy enige kommentaar lewer?

Ek hoor soms gerugte, maar ek is nie tans op hoogte nie. Net ‘n paar algemene opmerkings:

jong manne wat teologie studeer, moet ‘n goeie opleiding kry, en die kerkverband moet daarop toesien. Dit beteken nie noodwendig dat die kerke ‘n eie instituut met voltydse dosente moet oprig nie. Op ‘n stadium was ek oortuig dat die VGKSA dit moet doen – in geloof – maar ek het van mening verander. Toesien dat studente goed opgelei word, kan ook op ander maniere gebeur. Die omstandighede en die moontlikhede wat die Here gee, moet in ag geneem word. Soms moet kerke “in geloof” ‘n eie instituut oprig. Soms moet kerke “in geloof” ‘n ander oplossing kies en daarmee werk, tot tyd en wyl die tyd ryp is vir ‘n eie opleiding.

Vir ‘n klein kerkverband soos die VGKSA sou ek sê: werk saam met wie jy kan saamwerk, maak seker dat daar goeie toesig is oor die teologiese onderrig wat jou studente ontvang, en gee jou studente ‘n goeie begeleiding.

Is daar spesifieke raad wat jy aan die SA kerke kan gee met betrekking tot kerkwees en die sending?

Ek dink dat ons die afgelope dekade soms drome gedroom het wat te groot was: die droom van ‘n eie teologiese opleiding wat ‘n groot invloed sou kry in Suid-Afrika; die droom van duisende ‘verontrustes’ wat uit ander oorde by ons sou aansluit. Ek sou sê: Maak dit liever ‘n prioriteit om te werk aan die opbou van die gemeentes na Christus toe (Efesiërs 4:15-16) en dra die evangelie uit in jou eie omgewing. Vergeet van ‘verontrustes’. Fokus op ‘verlorenes’.

Dink breed en wees nugter – die Here vergader sy kerk in die hele wêreld, en ons mag deel wees daarvan. Doen dus maar gewoon wat jou kerklike hand vind om te doen, volgens die geloof en die gawes wat die Here gegee het. Die belangrikste is om die Here en sy gemeentes lief te hê. In die weg van gebed sal die Here dan leiding gee in keuses wat gemaak moet word.

Dink hoog en dink vorentoe – die Here Jesus vergader en beskerm sy kerk. Dit gee ‘n ontsaglike toekomsprospektief. Niks is vir Hom onmoontlik nie.

PREDIKER

Riaan van Alten

VENSTER OP DIE BYBEL

Die naam van die boek

Die naam *Prediker* (Hebr.: *Koh-èlet*) is in Hebreeus ‘n vroulike woord wat eintlik ‘n ampsnaam is en vir die bekleder van die amp gebruik word: oproeper, saamroeper en ook wel spreker op, en miskien voorsitter of leier van, ‘n volks- of gemeentevergadering (vgl. die Griekse weergawe *Ekklesiastes*, lid van of spreker in ‘n *ekklesia*). Hierdie naam is waarskynlik deur sy leerlinge en gehoor uit waardering aan hom gegee – moontlik as beliggaming van die predikende wysheid van sy dae. Prediker is dus die man wat God se volk saamroep en in die verbondsgemeenskap die woord voer, in opdrag van God.

Die skrywer

Oor wie die Prediker werklik was, bestaan daar groot verskille. Volgens die tradisionele uitleg is Salomo die Prediker, en dus ook die skrywer van die boek met dieselfde naam. Hiervoor kan verskeie bewyse aangevoer word. Om mee te begin, noem die Prediker homself in 1:1: “... die Prediker, die seun van Dawid, die koning in Jerusalem.” In 1:16 voeg hy hieraan toe: “Kyk, ek het groot en altyd groter wysheid verwerf bo almal wat voor my oor Jerusalem gewees het...” Daarby weet ons ook dat die Prediker skatryk was (2:4-9; sien ook 1 Kon. 4:21-35). Dit alles dui op Salomo, die seun van Dawid. Artikel 4 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis ondersteun hierdie siening.

Daar is egter ander wat meen dat Salomo nie die skrywer van hierdie boek is nie. Ook hiervoor kan goeie redes aangevoer word. In die eerste plek kan ons onself afvra waarom Salomo, as hy die skrywer is, sy naam in 1:1 en ander plekke in die boek so angsvallig stil hou. Waarom gebruik hy die skuilnaam “Prediker”? Verder roep 1:16 ook vrae op: “Kyk, ek het groot en altyd groter wysheid verwerf bo almal wat voor my oor Jerusalem gewees het...” Die skrywer wys dat hy bewus is van ‘n groot aantal konings wat voor hom oor Jerusalem regeer het, terwyl Salomo slegs een enkele voorganger gehad het, naamlik sy pa Dawid. Sommige meen dat Salomo hier wys op die heidense stadsvorste wat, voor die inname van Jerusalem deur die Israeliete, daar regeer het. Dit is egter baie onwaarskynlik dat Salomo homself met heidense vorste sou vergelyk (sien iets soortgelyks in 2:7 en 9).

‘n Derde rede vir hierdie siening vind ons in 1:12: “Ek, Prediker **was** koning oor Israel in Jerusalem” – die koningskap waarvan 1:1 praat, behoort dus tot die verlede. Uit die geskiedenis lees ons egter nêrens dat Salomo voor sy dood van die koningskap afstand gedoen het, en dus retrospektief hierdie boek kon geskryf het nie. Volgens voorstanders van hierdie siening vermom die skrywer van die boek Prediker homself as Salomo; hy laat Salomo as’t ware deur sy eie mond spreek.

Tog is die masker van Salomo, wat die skrywer aangetrek het, doelbewus deursigtig gelaat, sodat almal kan sien dat dit nie Salomo in eie persoon is wat hier praat nie (sien Aalders).

‘n Derde siening is van mening dat Salomo die skrywer van hierdie boek is, maar dat iemand eeue na Salomo se dood sy boek in moderne Hebreeus herskryf het (sien Van Deursen).

Drie sienings oor wie die skrywer van hierdie boek is, en vir al drie hierdie sienings is daar iets te sê. Hoewel ons dus waarskynlik nie eenstemmigheid oor die outeur van hierdie boek gaan kry nie, weet ons gelukkig wie die Uteur daarvan is. Die Here het in sy wysheid vir ons hierdie Bybelboek gegee om daaruit lering te trek vir die gewone lewe van elke dag.

Die eenheid van die boek Prediker

Die boek Prediker is taamlik oorsigtelik saamgestel. Dit begin met ‘n digterlike beskrywing van die nietigheid, teleurstellendheid, vermoeiende herhaling van alle gebeure in mensewêreld en natuur. Daarna gee hy ‘n relaas van die Prediker se persoonlike lewenservarings en daaruit getrokke konklusies, wat in hoofstuk 3 sy somber slotsom vind. Aansluitend hierby wys hoofstuk 4 op ander skadukante van die menselewe. Vanaf hoofstuk 5 klink daar egter ‘n positiewe toon, en word die regte godsdiens aangeprys en teen

rykdom gewaarsku. Hoofstuk 7 vra wat goed vir 'n mens is, be- veel die verstandige midde- weg aan, maar ag die ware wysheid onvindbaar. Na 'n versameling wysheidspreuke behandel hoof- stuk 8 die vraagstuk van die goddelike vergelding. Hoofstuk 9, 'n duideliker poëtiese gedeel- te, wek op tot lewensgenieting teen die agtergrond van die doodslot wat vir almal wag. In hoofstuk 10 word 'n versameling tipiese wysheidspreuke gegee.

Die boek eindig met die kort samevatting van die Prediker se lewensbeskouing met sy drie hoofgedagtes: benut arbeidsaam jou kanse, geniet die lewe terwyl God dit gee, maar gedenk daarby die komende donker dae van oudword en sterwe. In die lang, digterlike gedeelte is veral die beskrywing van die laste van die ouderdom en die afbraak van die liggaamlike lewe hoogs poëties. In 'n aanhangsel vind ons inlig- ting oor die persoon en werk van die Prediker, die waarde van sy woorde en die "kort begrip" van sy prediking.

Die plek van Prediker in die Bybel

Weens sy eerlike en openhartige probleemstelling is daar tot in die eerste twee eeue van ons jaartelling onder die Joodse leraars getwyfel en gedebatteer oor die vraag of die boek wel 'n deel van die Heilige Skrif kon

uitmaak. In die Nuwe Testament kan geen duidelike bewyse van sy gebruik deur Jesus en die apostels aangewys word nie. Tog kan ons dankbaar wees dat hier- die merkwaardige geskrif onder die Bybelboeke gehandhaaf is, omdat dit bewys dat ook eerlike denkers en swaarmoedige wor- stelaars deur God toegelaat word onder sy getuies.

Ook blyk uit hierdie geskrif, meer as uit enige ander van die Ou-Testamentiese boeke, hoe onmisbaar die persoon, werk en prediking van Jesus Christus was en is om mense vir vertwyfeling te bewaar, asook om die geloofs- besit van die Ou Verbond tot sy vervulling en bestemming te voer.

Boodskap van die boek

Die meedoënlose blootstelling van die nietigheid en tevergeefs- heid van 'n bloot aardse lewe sonder God, wat Prediker gee, laat ons die mens se volslae afhanklikheid van die genade van God diep aanvoel. Sonder God is alles, ja, selfs die lewe van die mees gesiene en voor- spoedige mense, sinneloos. Wie slegs in materialistiese dinge bevrediging soek, so leer Predi- ker, sal wreed en onverbiddelik ontnugter word. En ook diegene wat meen dat hulle deur hul vroomheid vir hulself 'n aange- name lewe in hierdie wêreld kan verseker, sal diep teleurgestel

word. Alle menslike pogings om self ware geluk te vind – hetsy deur die opgaan van rykdom, beoefening van wysheid of die nakoming van godsdienstige pligpleging – is tevergeefs. Daarom kan die Prediker in 12:13 tot die volgende slotsom kom: "Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie."

Iets soortgelyks vind ons in Spreuke 1:7: "Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis." 'n Werklik sinvolle lewe vind ons slegs wanneer ons in verbondenheid aan die Here lewe, Hom vrees, en sy gebooie gehoorsaam. Dit gee ook uitsig op die lewe ná hierdie lewe; immers, "God sal alle werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg" (12:14)! Vir wie met die Here lewe, sal hierdie gerig nie vrees bring nie, maar groot vreugde. Daar sal ons mag hoor: Gaan in, goeie en getroue dienskneg, gaan in in die vreugde van jou Heer!

Bronne:

- *Die Bybel met verklarende aantekeninge*
- *De Prediker, in Korte Verklaring* – G Ch Aalders
- *Het boek Prediker* – M J C Blok
- *De Voorzeide Leer, Deel 1* – Dr F van Deursen

Die tema wat volgende maand in KOMPAS bespreek gaan word:

Desember 2006/Januarie 2007: Feminisme



Boekenuus

- **Stam, C: Het verbond van Gods liefde**
Nuuatste publikasie in die Woord & Wereld reeks, nommer 68. Die boek het reeds in 1999 verskyn onder die titel *The Covenant of Love* met 'n herdruk in 2001. Die skrywer wil met hierdie boek duidelik maak dat die verbond 'n sleutelbegrip in die Bybel is. Dit is die hart van die evangelieprediking. Die verbond is reeds in die Ou Testament gesluit en word in die Nuwe testament voortgesit as die nuwe verbond in Christus, deur sy bloed. Die Bybel wil ons leer dat die verbond voortkom uit God se groot liefde, van die begin van die skepping af deur al die eeue heen. (2006 bladsye – R 82)

- **Keizer, P K: Church History**
This book is the result of Rev. Keizer's work as teacher of church history at a reformed high school in Groningen. "According to Revelations 12, the history of mankind resolves around the history of Christ's church. This is the justification for the political and social excursions which are made every now and then to retain as much possible a sense of the true unity of history." In this book the author relates "... the acts of God's faithfulness and loving kindness in founding and maintaining the covenant of grace and reconciliation, a covenant that remains valid despite man's disdainful disregard." (220 bladsye – R 116)

- **D'Assonville, V E: Gids vir Kerkgeskiedenis**
Hierdie boek bevat 'n samevatting van lesings wat Prof d'Assonville in die jare 1980 – 1992 aan die Teologiese Skool Potchefstroom gehou het. "In die kerkgeskiedenis is daar slegs een waarborg vir die gemeente om te oorleef, en dit is: Hou vas aan die Woord! Alleen deur hierdie Woord sal ons kan onderskei wat die ware godsdiens is." (245 bladsye – R 35)

- **D'Assonville, V E: Kerkgeskiedenis in 30 lesse**
'n Oorsig van die belangrikste gebeurtenisse in die kerkgeskiedenis in slegs 30 lesse. 'n Ideale hulpmiddel vir kerkkategete en leermeesters. (116 bladsye – R 20)

Verskeie publikasies in die Woord & Wereld reeks wat Handel oor die die Kerkgeskiedenis is nog beskikbaar:

- **Noordzij, H: Mozes en Aaron. Over de kerk in de Gouden eeuw (R 56)**
- **Van der Pol, F: Op weg naar het licht. Melanchton, wegwijzer voor het leven met God (R 48)**
- **Kamphuis, J: In de voetsporen van de gereformeerde kerken in de diaspora (R 62)**
- **Veldman, H: Heinrich Bullinger 1504 – 1575. gereformeed pastor voor Europa (R 70)**
- **Niemeijer, P: Bewaard en voortgegaan. '1926' en 'jaren zestig' om de helderheid van de Schrift en de binding aan de belijdenis (R 57)**



FOLMER BOEKHANDEL

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530

Tel: (021) 948-5883

e-pos: folmerboek@telkomsa.net

Posbus 1453, Sanlamhof 7532

Folmer Boekhandel (Pretoria)
(Irene van der Meer)
Laseandraan 115
0186 Môregloed
Tel/Faks: (012) 333 8064
e-pos: freekvdm@mweb.co.za
Posbus 26489
0031 Gezina

Moeite in die Kerk

RONDOM DIE KERK

Een van die aantreklikste beloftes in die lewe is die belofte dat iets moeitevry sal wees.

Verkoopsmanne van rekenaars sal jou vinnig verwys na 'n moeitevrye rekenaar. Boeke wat jou 'n moeitevrye reis belowe, of gaan oor hoe om moeitevrye kinders groot te maak of hoe om jou huwelik moeitevry te maak, trek onmiddellik ons aandag. Ons wil graag 'n moeitevrye lewe hê.

Dieselfde geld vir die kerk. Ons smag daarna om deel te wees van 'n 'moeitevrye kerk' – 'n gemeenskap van gelowiges waar almal met almal oor die weg kom, niemand sy of haar stem verhef nie, almal saamstem oor die sake wat rêrig saak maak, en die besluite van die kerkraad dadelik en in sy geheel aanvaar word. Sou daar enigiets mooier wees as dit?

Nietemin, ons vervalte wêreld is nie so nie. En kerke, desondanks die bewering dat hulle 'in die wêreld is, maar nie van die wêreld is nie', is ook nie so nie. Die heiliges weet hoe om te stry. Sit jou oor op die grond, luister mooi, en jy sal binnekort van 'n kerklike 'spookstorie' te hore kom. Ten minste, hulle dink dit is so 'n verhaal, as hulle bronne reg is.

Jammer genoeg is dit in baie gevalle wel so. In dié lig het ons vir 'n geruime tyd al verontrustende verhale van ontwikkelings en gebeurtenisse in ons susterkerke - die Gereformeerde Kerke in Nederland - gehoor. Blykbaar is daar heelwat ongelukkige

mede-gelowiges in die 'moederland'. Hulle reageer negatief op die veranderings wat in die kerkdienste aangebring is, op dit wat in die kerk gesing word, op wat hulle beskou as 'n groeiende laksheid teenoor etiese sake soos huwelik en egskeiding, seksuele saamwoon, Sondagsheiliging, tot by die inbreuk wat die Skrifkritiek maak, sowel as die nouer verhoudings met sekere ander kerke.

Blykbaar vind van hierdie dinge nie orals plaas nie. Ander sake vind weer algemeen plaas. Die oorheersende indruk is dié van 'n kerkverband wat senuweeagtig, defensief en onrustig is. Die feit dat honderde lidmate geloop en 'n nuwe kerk begin het, met die bewering dat dit die voortsetting is van die oue, het sake nie verbeter nie.

Natuurlik, as ons moeite wil sien, is dit nie nodig dat ons oor die Atlantiese Oseaan gaan soek daarvoor nie. In ons eie 'agterplaas' is daar genoeg om te sien. Die Christelike geloof het genoeg uitdagings. Meer spesifiek nog: die Gereformeerde kerke en gelowiges het hul geskilpunte: hedendaagse of tradisionele manier van aanbidding, vroue in die amp, homoseksuele huwelike, die nuwe perspektief oor Paulus. Nee, dit is nie moeilik om moeite in die kerk te vind nie.

Hantering van moeite

Nietemin, om moeite te vind en om dit te hanteer, is twee verskillende dinge. Hoe hanteer 'n mens moeite in die kerk? Wat behoort jy as gelowige te doen as

jou kerk of kerkverband in die verkeerde rigting beweeg?

In die geskiedenis was daar verskillende reaksies. Daar is tenminste vier reaksies waaraan gedink kan word.

1) *Akkommodasie*: Hierdie reaksie is een van aanpassing en hersproing. Lidmate word gekonfronteer met 'n nuwe leer of 'n nuwe praktyk en besluit om saam te gaan in alles wat voorgestel word. In baie gevalle gaan hulle uit van die veronderstelling dat die kerkleiers weet wat hulle doen en daarom is dit die beste om te volg waar hulle lei. Daar is ook die onderliggende gedagte dat die kerk sal moet aanpas by die tye, dus is verandering te verwagte en moet dit verwelkom word as noodsaaklik en belangrik.

2) *Toleransie*: Daar is ook 'n ander reaksie wat nie so positief en ontvanklik is nie. 'n Reaksie waar kerklidmate nie so gelukkig met die veranderings is nie, maar besluit om tog maar saam te gaan met wat voorgestel en gedoen word. Hulle redenasie is dan: "ek is in hierdie kerk gebore" of: "al my kinders en vriende is in hierdie kerk" of: "die veranderings is tog nie so verregaande nie". Met ander woorde, so lank as wat die positiewes die negatiewes oorheers, is daar genoeg redes om te bly; wees maar geduldig en tel tot tien.

3) *Hervorming*: Die volgende stap ondertoe op die skaal is

hervorming. Dit is die siening dat die kerk regtig die verkeerde pad begin volg en dat 'n koersverandering noodsaaklik is. Lidmate wat so dink, sal nie toleransie of akkommodasie oorweeg nie. Hulle wil dinge verander sodat dit in lyn is met die Woord van God. Dikwels lyk dit ook of hulle wil hê dat dinge weer soos dertig, veertig of vyftig jaar gelede gedoen moet word.

- 4) *Skeiding*: Maar wat gebeur as hervormende veranderings misluk of gestuit word? In sulke omstandighede sal sommige sê daar is maar een moontlikheid oor, en dit is om die pad van skeiding te loop. Die huidige kerklike liggaam het so gedeformeer, is so besmet, so verkeerd, dat daar geen ander alternatief is nie as om te vertrek. Jy moet aansluit by 'n ander kerkgemeenskap wat nog as getrou beskou word, of jy moet 'n totaal nuwe kerk stig.

Watter een is korrek?

Nadat die vier reaksies nou uiteengesit is, volg natuurlik die vraag: Maar watter een is korrek? Watter reaksie is gepas? As Gereformeerde gelowiges wat 'n geskiedenis van hervorming het, is ons miskien geneig om te sê dat hervorming of skeiding die enigste opsie is. Hier sal 'n woord van versigtigheid gepas wees. Want as die voorgestelde veranderings nie baie beteken nie, kan daar weinig gesê word van dié wat akkommoderend of tolererend optree. Besluite ten opsigte van verandering van dienstye, 'n pyporrel of 'n elektroniese orrel, dat die ouderlinge agter in die kerk sit in plaas van voor, of dat die ge-

loofsbelydenis deur almal saam opgesê word, behoort nie daartoe te lei dat daar 'n oproep tot hervorming gedoen word of dat daar tot skeiding oorgegaan word nie.

Dieselfde geld vir veranderings ten opsigte van kerklike tradisies. Die feit dat ons dinge altyd op 'n bepaalde manier gedoen het, het miskien waarde, maar dit beteken nie dat dit nooit verander kan word nie. Hier moet lidmate kan onderskei tussen wat Bybels gefundeerd is en wat nie. En dit is vir sommiges baie moeilik. Daar is altyd diegene wat die gebruike en die praktyk van die verlede gelyk ag met die Woord van God. Dit mag wees, maar nie noodwendig nie. As dit wel so is, dan kan ons dit met groot vrymoedigheid net so bly handhaaf. As dit nie so is nie, dan moet ons bereid wees om dit een of ander tyd prys te gee.

Aan die ander kant, as dit wat geleer word, in stryd is met die Woord, dan beweeg ons 'n onseker situasie binne. Dan moet ons ons monde oopmaak en praat, en indien nodig 'n oproep tot hervorming doen.

Wat van skeiding? Dit kan ook nodig wees; maar voordat so 'n stap geneem kan word, sal deeglike ondersoek van die hart nodig wees. Boonop moet daar duidelike bewyse van deformatsie en 'n weiering om te hoor, te aanvaar en te bekeer, aangedui kan word.

Insigte van Calvyn

In hierdie verband sal dit nuttig wees om van die groot hervormer, Johannes Calvyn, se insigte kennis te neem. Hy skryf in sy *Institusie* oor die kerk in Korinthe en sê: "Onder die Korinthiërs het 'n groot aantal

die pad byster geraak en amper die hele liggaam (van die kerk) is daardeur besmet. Daar was nie net een soort sonde nie, maar baie, en hulle dwalings was nie lig nie, maar daar was ook verskriklike oortredings – nie alleen verminking van die sedes nie, maar ook van die leer. Wat doen die heilige apostel hier – dit beteken, die instrument van die Heilige Gees deur wie se getuigenis die kerk staan of val? Soek hy na afskeiding van hulle? Of verdryf hy hulle uit Christus se koninkryk? Of slaan hy hulle plat met die laaste weerligstraal van die banvloek? Nee, hy doen geeneen hiervan nie, maar erken en verkondig dat hulle die kerk van Christus en die gemeenskap van die heiliges is." (1 Kor. 1:2). (Boek IV, Hfst. 1, deel 14).

Ten spyte daarvan dat daar aanwysbare leer- en morele foute was, is Calvyn nie bereid om die naam "kerk van Christus" van die gemeente in Korinthe te weerhou nie. Later in dieselfde deel van die *Institusie* voeg hy by dat "die kerk bly bestaan omdat die bediening van Woord en sakramente nie daar verwerp word nie."

Toepassing vandag

Die wysheid van Calvyn moet ons versigtig maak. 'n Oproep tot hervorming is nie noodwendig 'n oproep tot skeiding nie. Nie alle foute en tekortkominge in die kerk verskaf genoeg rede om te loop, aan te sluit by 'n ander kerk of selfs 'n nuwe kerk op te rig nie. Calvyn suggereer dat slegs 'n afwysing van die evangelie genoeg rede sou wees om tot so 'n stap oor te gaan.

Dit bring ons terug by die situasie in Nederland, waar die oproep tot skeiding onlangs gehoor

is. Was dit tereg? Dit mag waar wees dat daar op liturgiese vlak in van die plaaslike kerke rede tot kommer is. 'n Mens mag ook ernstige vrae hê oor die koers wat die kerk in sy geheel inslaan. Gelowiges kan bekommerd wees oor hulle persepsie dat daar die kerk wegbeweeg van Gereformeerde kenmerke na die evangeliese toe. Tog bly die belangrikste en fundamentele vraag: het hierdie kerke die evangelie die rug toegekeer? Dié vraag moet, myns insiens, nog bewys word.

Intussen kan dit vir ons as 'n leersame ervaring dien. Dit is 'n oproep om te onderskei en met versigtigheid verder te gaan wanneer in ons eie kerkverband veranderings voorgestel word. Dit is ook 'n oproep om 'n helpende hand uit te steek na susterkerke elders wat moeite ondervind, en om vir hulle die waarheid in liefde te vertel. Boonop is dit vir ons 'n oproep om naby aan die Woord van God te lewe, om vas te hou aan dit wat ons as Gereformeerde gelowiges bely. Laastens is dit 'n

oproep om te bid vir ons kerke en vir Gereformeerde kerke wêreldwyd.

Mag die Here ons help, veral dié kerke wat met moeite worstel, en mag Hy ons almal bring tot die dag wanneer die kerk van Jesus Christus moeitewy sal wees, vir ewig en altyd.

Hierdie artikel is 'n vertaling van "Trouble in the Church" deur dr J Visscher, uit: Clarion, vol. 54, no. 23, 11 November 2005.

Seksualiteit en die kind (2)

Wilma Pouwels

OPVOEDING EN ONDERWYS

In die vorige artikel oor seksualiteit is gefokus op **wie** en **hoe** seksualiteit aan die kind oorge-dra word.

Die "blom"-metode is en bly altyd relevant. 'n Lekker neutrale manier om die kind van jongs af seksueel voor te berei, sonder om sy/haar onskuld weg te neem.

Maar wat speel nog 'n rol by die kind se seksuele bewuswording?

Naaktheid en kleredrag

Daar is net drie toelaatbare redes vir naaktheid tussen verskillende geslagte:

1. Mediese redes.
Gekontroleerde omgewing.
2. In die huwelik.
3. Tussen ouer en kind in die gesin, tot 'n sekere ouderdom.

Mag kinders hulle ouers naak sien?

Die liggaam van pa en ma in die huis is vir mekaar bedoel, nie vir die kinders om te sien nie. Dit hou ook geen voordele vir die kind in om die ouers naak te sien nie.

Naaktheid het by die sondeval iets geword waaroor die mens skaam is. Naaktheid is nie meer natuurlik nie. Nie volgens wat die Bybel ons leer nie. "Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaarge-werk en vir hulle skorte gemaak." (Genesis 3 vers 7)

Tot wanneer mag kinders dan saam bad of stort? En hoe dan met kinders van die teenoorge-stelde geslag? Of saam met 'n ouer? Of 'n klomp maats in die

kleedkamers ná 'n sokkerwed-stryd?

Vir dieselfde geslag is vyf tot ses jaar 'n goeie riglyn. Dit verskil egter weer van kind tot kind. 'n Beter riglyn is die kind se optrede. As die kind ondersoekend begin raak en vrae begin vra, sal dit goed wees om die "saam-dinge" te stop. As ouers oplet-tend is, sal hulle dadelik agter-kom as die kind ongemaklik begin raak. Ouer broers wat altyd saam met kleinboet moes stort, sal baie subtiel te kenne gee dat hy nie meer daarvan hou as kleinboet saam met hom stort nie. Die "versoek" moet deur die ouers gerespekteer word.

Wanneer begin seksuele opvoeding?

• Ouderdom

Dis moeilik om 'n spesifieke ouderdom te bepaal, veral as die

indirekte metode gevolg word en die kind van kleins af met die biologiese feite van die blom ingelig is. Ook die ouers se voorbeeld in hulle verhouding as man en vrou, die respek wat hulle vir mekaar toon, is alles deel van vroeë onbewuste seksuele opvoeding. Alles dinge wat later deel uitmaak van die kind se morele waadesisteam.

As die kind op 'n jong ouderdom van so drie-vier jaar ingelig is oor die biologiese voortplanting van die blom, kan dit altyd dien as 'n neutrale voorbeeld wanneer vrae met verloop van tyd opduik. Selfs in die tienerjare is die blom-voorbeeld 'n maklike verwysingsraamwerk, maar vergelyking met die menslike liggaam word nou belangrik, is selfs nodig. Die kind is oud genoeg daarvoor. Hulle sien en ervaar self ook die verandering in hulle eie liggame.

'n Vraag soos: "Hoe het die baba in mamma se maag beland?" sal anders vir 'n tienjarige as vir 'n driejarige verduidelik word. Hul ervaringsvlakke en kennis is totaal verskillend. Die antwoord vir die driejarige, naamlik "dat die Here dit daar gesit het", sal vir die tienjarige algemene kennis wees; hy verwag darem 'n bietjie meer detail.

As 'n vyfjarige dogtertjie vra hoekom sy nie soos boetie "lyk" nie, sal dit genoeg wees om te sê dat die Here seuns **en** meisies gemaak het en dat seuns daarom anders lyk as meisies. Vir die tienjarige is dié antwoord 'n bietjie lig in die broek!

Seksuele speletjies by kinders

Dit is redelik algemeen dat kinders tussen die ouderdom van vier tot nege jaar geneig is om

seksueel-verwante speletjies te speel. Redes kan hiervoor aangevoer word:

➤ **'n verbergde nuuskierigheid vir die teenoorgestelde geslag**

Pa of ma het tien teen een al in alle geheimhouding vir sy/haar kind vertel dat sy privaat dele net deur homself, mamma en pappa, en later as hy groot is, deur sy eie man of vrou, gesien mag word. Sulke geheimsinnigheid prikkel die kind se nuuskierigheid. 'n Presentjie wat toegedraai is, word uit nuuskierigheid oopgemaak. En alles wat altyd bedek word met 'n onderbroekie, swemklere en later 'n bra..... is dit nie maar vir die jong kind soos 'n presentjie wat net nooit oopgemaak word nie?



Wanneer kinders dan hul nuuskierigheid die oorhand laat kry, kan 'n mens begrip hê daarvoor, maar beslis nie die speletjie goedkeur nie. Die kind moet daarop gewys word dat dit nie aanvaarbaar is nie en dat hy nie mag toegee aan die behoefte om te sien en te voel nie. Hierdie streng dissipline wat die ouer toepas, lei later tot selfdissipline by die kind. Die kind moet, wanneer hy so 'n "ontdekkingsreis-speletjie" saam met 'n maatjie wil onderneem, pa en ma se stem in sy gedagtes hoor wat sê dat dit verkeerd is. So groei hy tot 'n kind wat sy gevoelens

begin kontroleer. Hy kom meer en meer tot die besef dat sy liggaam nie speelgoed is nie, veral nie sy privaat liggaamsdele nie. Die kind kan egter net groei in **dié** besef as die ouers daadwerklik optree as kinders die soort van speletjies speel. Dit is nie toelaatbaar nie.

Die probleem is egter dat kinders reeds van 'n baie jong ouderdom af gestimuleer word deur dit wat hulle om hulle sien. Dit maak hulle nog meer nuuskierig. Daarom is die ouers se voorbeeld en gedurige leiding op hierdie gebied van groot belang.

Seksualiteit en die kind se liggaam is nie 'n aparte deel van opvoeding nie.

Selfstimulasie

Jong kinders tot ongeveer in hulle kleuterjare is nie seksueel gemotiveerd as hulle aan hulle geslagsdele vat nie. Hulle het bloot iets ontdek wat hulle plesier verskaf. Dit is egter nodig om hulle te ontmoedig. Verduidelikings is nie sinvol op so 'n jong ouderdom nie. Die kind besef nie dat dit wat hy doen, onaanvaarbaar is nie. Hy gaan dit net besef as sy ouers dit ontmoedig en die kind se aandag aflei van dit waarmee hy/sy besig is.

Taalgebruik

Kinders gebruik soms woorde wat hulle gehoor het en waarvan hulle nie die betekenis weet nie. Dit is daarom belangrik vir ouers om die volgende in gedagte te hou as die kind se taal veel te wense oorlaat:

- **hoe hy dit sê;**
- **hoe oud hy is; en**
- **die rede hoekom hy dit gesê het.**

Dikwels kom die kind met slegte taalgebruik rondom seksualiteit by die huis omdat hulle dit êrens gehoor het. Moenie daarop ingaan en probeer verduidelik nie. Vra vir die kind wat hy dink dit wat hy gesê het, beteken, en help hom reg. Die morele waardesistiem by die huis laat nie die tipe woordeskat toe nie. Die kind moet daarop gewys word dat sekere taalgebruik onaanvaarbaar is.

Dit is wel nodig om op 'n normale manier na geslagsdele te verwys wanneer die kind gereed is daarvoor; dit is gewoonlik vanaf ongeveer tien jaar en ouer. Vir die jong kind is sy piepie nog nie 'n geslagsdeel nie, dis iets wat hy gebruik om mee te piepie. Die jong dogtertjie is ook nog net bewus van haar piepie en niks anders nie.

Hoe antwoord jy jou kinders se vrae?

- **Die kind se fisiese en emosionele ouderdom is belangrik.**

Die ouderdom waarop al hierdie vrae rondom seksualiteit gevra

word, sal verskil van kind tot kind. Die kind sal vra wanneer hy gereed is daarvoor. Of die kind 'n oudste of 'n vyfde kind is, gaan 'n invloed hê. Of hy in die stad of op die plaas grootword, het 'n invloed. Plaaskinders sien gereeld hoe diere paar en hoe diere gebore word. Blootstelling aan die media of maats wat baie weet, speel ook 'n rol. En dan is daar natuurlik die liggaamlike veranderings wat die kind in sy lewe ervaar.

Wat vra die kind?

Wanneer die vyfjarige kind byvoorbeeld vra: "Hoekom is die baba in mamma se maag?" is dit net nodig om te verduidelik dat die baba op 'n veilige plek moet wees om te kan groei. En hier in mamma se maag is dit veilig. Die "**hoekom-vraag**" verlang 'n heel ander antwoord as die vraag: "**Hoe** het die baba in mamma se maag gekom?" Luister mooi na die vraag. As die vraag verkeerd geïnterpreteer word, lei dit dikwels tot meer vrae wat onnodig is. Die kind se verbeelding word geprikkel deur die antwoorde wat hy kry.

Daarom is dit belangrik om die **vraag** kort en kragtig te beantwoord.

Opsomming

Seksuele opvoeding in die kind se lewe is nie maklik nie, maar is tog iets besonders en moet onder leiding van die ouers vir die kind 'n aangename en positiewe ervaring word. Seuns en meisies moet oor die veranderings in hul liggame ingelig word voordat dit plaasvind, sodat hulle voorbereid is en weet wat om te verwag. Dit is daarom baie belangrik om kinders van kleins af op 'n neutrale manier in te lig oor die verskille tussen seuns en meisies. Begin reeds jonk, maar hou dit neutraal en algemeen. Antwoord die kind se vrae, niks meer nie. Wees as ouers lief vir mekaar, respekteer mekaar. Respekteer die kind, en mekaar se privaatheid.

Dit lê die grondslag vir die kind se morele waardesistiem wat in sy tienerjare die fondament is waarop sy houding teenoor seksualiteit gebou word.

Skeuring in die Gereformeerde Kerke in Nederland

Kees Roose

KERKNUUS

Kontakte met buitelandse kerke is gewoonlik 'n vaste besprekingspunt op die agenda van die VGKSA. Elke gewone sinode benoem deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke (BBK) met as een van hulle opdragte

om aan die volgende sinodevergadering 'n verslag voor te lê met aanbevelings oor die hantering van sekere sake. 'n Deel van die bespreking gaan spesifiek oor kontakte met die drie kerkverbande waarmee ons susterkerke-

lasies onderhou, nl. die Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN), die Canadian and American Reformed Churches (CARC) en die Free Reformed Churches in Australia (FRCA).

Tot nou toe het al die opeenvolgende sinodevergaderings elke keer besluit om die susterkerkrelasies met die drie genoemde kerkverbande te kontinueer op grond van die bevinding dat hierdie kerke as ware kerke van Christus funksioneer.

Maar reeds in die Handeling van die sinode van 1996 word melding gemaak van “verontrusting wat in die GKN sou bestaan” en die sinode van 2000 dra aan die deputate op om “ons sorgte ten aansien van sekere ontwikkelinge in die GKN aan deputate BBK(NL) oor te dra”.

Die meeste lesers is waarskynlik bewus van die redes vir ons kommer oor wat in die GKN aangaan. Baie van ons lidmate besoek gereeld familie in Nederland en woon dan die eredienste daar by. In sommige van hierdie eredienste voel ons as Suid-Afrikaanse Vrye Gereformeerdes baie ongemaklik, byvoorbeeld as gevolg van allerlei liturgiese eksperimente, en ’n mens wonder soms vir wie die ‘eer’ in die ‘ere’-diens nou eintlik bedoel is, vir die Here of vir die lidmate.

Dit sal ook bekend wees dat ’n groep broeders en susters binne die GKN so bekommerd geraak het oor wat hulle as afdwalings van die gereformeerde leer en lewe beskou, dat hulle met die GKN gebreek het en ’n nuwe kerkgroepering gevorm het, die Gereformeerde Kerken in Nederland (hersteld) (GKNh).

Onder die VGKSA-lidmate is daar baie simpatie met hierdie groep en met hulle standpunte. Daarom was daar by sommige van ons lidmate verbasing oor die besluit van die VGKSA-sinode van 2005 om ’n versoek tot susterkerkrelasies met die

GKNh af te wys en die relasies met die GKN te handhaaf. Op grond van watter oorwegings het die sinode die besluit geneem?

Sinodehandelinge

Die volledige Handeling van die VGKSA-sinode van 2005 is nog nie beskikbaar nie, maar ’n verslag oor die sake wat tydens die eerste sitting plaasgevind het, is wel vrygegeë. Hierin lees ons insake sinodebesluite die volgende:

1. Om volgens die vasgestelde reëls die kerklike korrespondensie met die GKNv voort te sit.
Grond:
Die GKNv wys dat hulle trou is aan die Woord van God, die Gereformeerde Belydenisskrifte en die Gereformeerde Kerkorde.
2. Om deputate op te dra om die ontwikkelinge in die GKNv noukeurig dop te hou.
Gronde:
 - a. Daar is aanduidings van kommerwekkende tendense in die GKNv.
 - b. Die besluite van die sinode van Amersfoort 2005 sal waarskynlik meer duidelikheid verskaf oor die koers wat die GKNv gaan volg met betrekking tot die sake waarvoor verskil van mening bestaan.
3. Om aan die versoek tot susterkerkrelasie met die GKNn (= GKNh, CR) nie te voldoen nie.
Gronde:
 - a. Die versoek van die GKNn is gegrond op ’n onjuiste voorstelling van die situasie en van sinode-uitsprake.
 - b. Die VGKSA onderhou ’n volle susterskerkrelasie

met die GKNv en sal nie ’n ander verhouding met ’n kerkverband in Nederland begin sonder om eers met die GKNv die saak te bespreek nie.

4. Om die GKNn op te roep om hulle onttrekking uit die GKNv te heroorweeg en die kerklike pad voluit te loop (byvoeging van deputate se Bylae 2 kan oorweeg word ter ondersteuning).
Gronde:
 - a. Die versoek van die GKNn is gegrond op ’n onjuiste voorstelling van die situasie en van sinode-uitsprake.
 - b. Ons het ’n verantwoordelikheid teenoor medegelowiges om hulle tot eenheid in waarheid op te roep (Joh. 17).

Bespreking

Na al die negatiewe berigte oor wat in die GKN aangaan, het bogenoemde sinodebesluite waarskynlik ’n hele paar wenkbroue laat lig.

Kom ons kyk ’n bietjie meer in diepte na wat in werklikheid gebeur het.

Binne die raamwerk van hierdie artikel is daar basies vier sake in die sinodebesluite van belang:

1. Die GKN is trou aan die Woord van God, die belydenisskrifte en die KO.
2. Daar is wel “kommerwekkende tendense” wat dopgehou moet word.
3. Die versoek van die GKNh is gegrond op ’n onjuiste voorstelling van die situasie en van sinode-uitsprake.
4. Die kerklike pad moet voluit geloop word.

Is die GKN inderdaad trou?

Om die vraag reg te kan beantwoord, moet eers gevra word wat ons kriterium vir die beantwoording van die vraag is. As ek in 'n Nederlandse erediens ongemaklik voel, is dit omdat dit wat daar gebeur, in stryd is met Bybelse riglyne of omdat ek dink dat dit strydig met die Bybel is? En as ek so dink, is dit omdat die Bybel dit vir my leer of omdat ek in tradisie vasgeval het?

In 1 Korinthiërs 14:26–40 gee Paulus riglyne vir die gemeentelike samekomste. Hoe sou ons dit ervaar as ons eredienste op dié manier sou plaasvind?

Beoordeling van die trou van 'n kerkverband mag nie op grond van ons subjektiewe gevoel plaasvind nie, maar op objektiewe beoordeling van feite op die basis van Skrif en belydenis, in hierdie geval die hantering van kerklike sake en probleme deur die sinodes van die GKN.

Ons VGKSA-sinode van 2005 het, op grond van 'n diepgaande studie deur Deputate BBK, geoordeel dat die sinodes van die GKN inderdaad in trou aan die Woord van God, die belydenisskrifte en die KO gehandel het.

Kommerwekkende tendense

Dit beteken natuurlik nie dat daar geen probleme sou wees nie. As 'n mens kyk na die problematiek waarmee die Nederlandse sinode-afgevaardigdes gekonfronteer word, is dit nogal skrikwekkend. Sake wat vir ons gereformeerde vaders en moeders nie eers debatteerbaar was nie, word nou ter diskussie gestel. Sondagsarbeid en die vierde gebod, egskeiding en hertrou, kerklike eenheid, ens. vra die aandag van die broeders

daar. Die feit dat sulke fundamentele sake bevraagteken word, is kommerwekkend.

Tog is ook hier versigtigheid vereis. Want die feit dat sulke sake vir bespreking oopgegooi word, is nie noodwendig verkeerd nie. As gereformeerdes moet ons altyd bereid wees om ons eie idees en oortuigings elke keer weer aan die Bybel te toets. En soms kan dit beteken dat ons moet erken dat ons idees nie altyd so gereformeerde was as wat ons gedink het nie.

Maar al is dit nie noodwendig verkeerd nie, dit is wel gevaarlik. Want die mense wat hierby betrokke is, is almal sondige mense en verkeerde motiewe kan 'n rol speel en tot verkeerde besluite lei. Veral in 'n samelewing waar die individu die spil is waarom alles draai en waar enige soort van gesag as outyds verwerp word. Vandaar die sinodebesluit dat deputate BBK die ontwikkelinge in die Nederlandse susterkerke moet dophou.

Die GKNh se voorstelling van sake is onjuis

Deur die GKNh is 'n brosjure uitgegee: "Laten wij ons bekeren", waarin beoordelings en veroordelings van allerlei sake in die GKN beskryf is. Deputate BBK het dit wat in hierdie brosjure geskryf is, getoets aan die "Acta" van die GKN se sinodes en verskillende ander publikasies uit dié kerke. Op grond van hierdie studie het die deputate tot die gevolgtrekking gekom dat die GKNh se voorstelling van sake in baie gevalle strydig is met die werklike sinode-uitsprake en besluite. Daarom het deputate in hulle verslag aan die sinode 2005 aanbeveel om die GKNh nie as

die wettige voortsetting van die GKN te erken nie en die sinode het ook so besluit.

Die studiedokument insake die vergelyking tussen die GKNh se weergawe en die GKN se "Acta" en ander publikasies, is in die deputate se verslag aan die sinode ingesluit en dus beskikbaar vir alle lidmate van die VGKSA.

Die kerklike pad

Een van die uitsprake in die GKNh-brosjure is: "De Generale Synode van Zuidhorn-2002 heeft in de meeste zaken *afsluitende* besluiten genomen." Die studie van deputate wys egter dat dit nie 'n korrekte weergawe van die sinodebesluite is nie. Van die ses hoofsaake wat in die GKNh-brosjure aangewys word, is daar vier wat ná "Zuidhorn 2002" nog ver van afgesluit was. Die feit dat die sake ook op die sinodetafel van Amersfoort 2005 was, is 'n duidelike bewys daarvan. Dit betref die besluite insake: Sondag en die 4de gebod, Huwelik en Egskeiding, Nagmaalsviering in krisisgebiede, en Kerklike eenheid met die Christelike Gereformeerde Kerken en die Nederlandse Gereformeerde Kerken.

Vir die besluite insake liturgiese vernuwings en die susterkerkrelasie met die Presbyterian Church of Eastern Australia kan die bewering wel as korrek beskou word.

Op grond van hierdie inligting moet ons gevolgtrekking wees dat die wegbreek van die GKNh uit die GKN voortydig was, omdat die kerklike pad nog nie voluit geloop was nie.

Dominokrasie?

Hans Moes

KLIP IN DIE BOS

Gereformeerde kerkregering

Die regering van die kerk is 'n belangrike saak. In onderskeid met baie ander kerke, word gereformeerde kerke bestuur deur 'n **kerkraad** (en bv nie deur 'n biskop of 'n priester nie). Die bevoegdheid van “**meerdere vergaderings**” van kerke, soos klassisse en sinodes, is altyd minder as dié van 'n kerkraad (daar is dus geen hiërargie van meerdere vergaderings, soos partykeer gemeen word nie). 'n “Meerdere vergadering” is 'n (tydelike) vergadering van meerdere kerke gesamentlik, vir 'n beperkte aantal gedelegeerde sake, vir die heil en welsyn van die plaaslike kerke. Praktiese reëlins vir die goeie orde van kerklike sake word vasgelê in 'n **kerkorde**, soos die Dordtse Kerkorde, waaraan kerke hulle vrywillig verbind.

Die apostel Paulus noem in Efesiërs 4 :11 'n aantal ampte wat Christus gebruik om die gelowiges toe te rus vir hul dienswerk, tot opbou van die kerk. Hierdie ampte is apostels, profete, evangeliste en herders en leraars. Hierdie laaste ampdraers ken ons as die **bedienaars van die Woord** of predikante, predikers van God se blye boodskap van verlossing. Volgens die bevestigingsformulier vir bedienaars van die Woord is dit onder andere hulle taak om, saam met die ouderlinge, sorg te dra dat alles in die gemeente welvoeglik en ordelik gebeur volgens God se wil.

Die kerk het ook **ouderlinge** wat, volgens die betreffende bevestigingsformulier, saam met die predikant geroep is om die gemeente te regeer en herderlik te versorg. Die ouderlinge hou toesig oor die lidmate, oor mekaar en oor die predikant en staan die predikant by met goeie raad. Hulle word genoem “beheerders van die huis van God”, wat moet toesien dat alles in die gemeente in vrede en volgens goeie orde plaasvind, soos Christus dit beveel. 'n Predikant sou dus 'n ouderling met 'n besondere ekstra opdrag genoem kan word.

Die gemeente word dus regeer en bestuur deur die **kerkraad**, wat gewoonlik bestaan uit een predikant en 'n tiental ouderlinge. Niemand het hier 'n belangriker stem as 'n ander kerkraadlid nie. Hoewel die predikant deurgaans voorsitter is van die kerkraad, tel sy stem nie meer as dié van 'n ouderling nie. Daar moet steeds gestreef word na eenstemmigheid om die wil van die Here te verstaan vir die welsyn van die gemeente.

Christus regeer sy kerk deur sy **Woord en Gees**. Die regering van die gemeente gebeur dus primêr deur die verkondiging van God se Woord, wat besonderlik die taak is van predikante. Die bestuur van die gemeente, vir die bevordering van vrede en orde, is besonderlik die taak van ouderlinge. Die regeeramp is veral gerig op die plaaslike gemeente, wat aan die sorg van 'n kerkraad toevertrou is. Maar

as gevolg van die samewerking van gemeentes binne 'n kerkverband vind die regering van die kerk ook in wyer verband plaas, soos deur **klassisse en sinodes**. Ook deur besluite op meerdere vergaderings moet die vrede en orde in die kerke bevorder word.

Dit is belangrik om op te merk dat 'n kerkraad bestaan uit persone, terwyl **meerdere vergaderings bestaan uit kerke**. In beginsel verteenwoordig die afgevaardigdes wat deelneem aan meerdere vergaderings dus nie hulself of hul eie wysheid, kundigheid en insigte nie, maar handel hulle as **verteenwoordigers van hul kerk**.

By besluite moet dus die mening van hul kerk weerspieël word en moet dit verkieslik vooraf op 'n kerkraadsvergadering getoets word (vandaar die bepaling dat dokumente vir meerdere vergaderings ten minste ses weke voor die vergadering by die kerke beskikbaar moet wees). **Dit behoort dus nie verskil te maak of 'n ouderling of 'n predikant afgevaardig word na 'n meerdere vergadering nie**. In hierdie verband is dit interessant om daarop te let hoe dit gaan op ons klassisse en sinodes, die meerdere vergaderings van kerke.

Ou VGKSA-praktyk

Omdat die verband van die Vrye Gereformeerde Kerke maar klein was, is tot 2002 die meerdere vergadering van kerke slegs beperk tot 'n twee-jaarlikse

sinode. Deur elke kerk is ‘n **predikant en twee ouderlinge** na die sinode afgevaardig (Art. 3 van die ou Sinodereëls). Indien die kerk vakant is of as die predikant verhinder is, word **drie ouderlinge** afgevaardig. As daar twee of meer predikante aan ‘n kerk verbonde is, mag die ander predikante (wat lede is van so ‘n groter kerkraad) ook die sinode bywoon, maar hy/hulle het slegs ‘n adviserende stem. Die **sinode** was dus saamgestel uit **2/3 ouderlinge en 1/3 predikante** met stemreg. Hoewel daar dus, in vergelyking met die samestelling van die kerkrade, ‘n oorverteenvoordinging was van predikante op die sinodes, is die verhouding nie heeltemal onredelik nie.

Daar moet opgemerk word dat, volgens die Dordtse Kerkorde (DKO, Art. 41, 45 en 46), die afvaardigings na die meerdere vergaderings steeds uit ‘n **gelyke getal predikante en ouderlinge** moes bestaan. Dat die sinode van die VGKSA aanvanklik uit 2/3 ouderlinge en 1/3 predikante bestaan het, is, vir sover ek kan aflei, gedoen omdat die getal kerke baie klein was (deurgaans drie, maar soms selfs twee kerke, soos in 1974). Hierdie samestelling van die meerdere vergaderings deur meer ouderlinge as predikante, as gevolg van die klein getal kerke, is in lyn met die oorspronklike weergawe van Art. 47 DKO. Dit is goed dat daar ‘n voldoende getal afgevaardigdes is om deurdagte en verteenwoordigende besluite te neem.

Die DKO-bepalings, naamlik dat die afvaardiging na meerdere vergaderings uit ‘n gelyke getal predikante en ouderlinge moet bestaan, is vasgestel in ‘n tyd toe predikante voltyds afgesonder is

vir hul ampsdiens en ouderlinge hulle kerklike werksaamhede moes verrig naas hul gewone ses-daagse werkweek. Daar was toe ook nog nie iets soos ‘n vrye Saterdag of ‘n pensioenleeftyd nie. Reistyd na ander dorpe en stede was ook aansienlik.

Dit was dus blykbaar ‘n praktiese oplossing om ‘n kerkraad van een predikant en ‘n tiental ouderlinge op ‘n meerdere vergadering te laat verteenwoordig deur die een predikant en slegs een van die tiental ouderlinge. ‘n Mens sou dit amper as ‘n **noodmaatreeël** vir dié tyd kan beskou. Hoewel daarby gesê moet word dat predikante, deur hul vereiste teologiese kundigheid, beter opgelei is in kerklike sake, veral wat die leer betref, en hulle betreklike oorverteenvoordinging op meerdere vergaderings dus sou bydra tot die gehalte van die besluite van hierdie vergaderings.


Nuwe VGKSA-praktyk

Die sinode van Johannesburg van 2002 het besluit om, as gevolg van die groei van die kerkverband tot agt kerke, twee klassisse in te stel. Art. 41 van die ou Sinodereëls word nou toegepas op klassisse: elke kerk vaardig ‘n **predikant en ‘n ouderling** af.

‘n Klassis word dus saamgestel uit die helfte predikante en die helfte ouderlinge. Daar is drie of vier kerke per klassis, dus bestaan die klassisse uit drie of vier predikante plus drie of vier ouderlinge. As ‘n kerk vakant is of as die predikant verhinder is om te gaan, sal in sy plek dus ‘n ouderling afgevaardig word.

Die sinode van Pretoria-Marana-ta van 2005 het besluite geneem

oor die afvaardiging na die sinodes: elke klassis vaardig **drie predikante en drie ouderlinge** af. Vir ‘n klassis met drie kerke beteken dit dus dat die volle klassis afgevaardig word na die sinode. Verder bepaal die sinode dat **alle predikante** in die kerkverband, wat nie na die sinode afgevaardig is nie, **uitgenooi word as adviseurs**. ‘n Sinode word dus in die vervolg saamgestel uit die helfte ouderlinge en die helfte predikante met stemreg plus die ander aanwesige predikante of sendelinge. Op die Sinode 2005 was daar ses predikante en ses ouderlinge, saam met vyf (binnelandse) predikante om die twaalf broers te adviseer. Dan is daar partykeer ook nog buitelandse predikante as adviseurs.



Beoordeling

Daar is ‘n aantal sake wat hier opval en aandag verdien. In teenstelling tot die situasie in die VGKSA van voor 2002, blyk dit nou hoofsaaklik die taak van predikante te wees om die welsyn van die kerke op meerdere vergaderings te behartig: die helfte van die afgevaardigdes bestaan uit predikante, terwyl die predikante wat nie afgevaardig word nie, of wat nie ‘n gemeente het nie, en al die sendelinge, al is hulle nie deel van enige kerkraad nie, verwag word as adviseurs op meerdere vergaderings (klassisse en sinodes). Blykbaar geld die laaste nie vir ouderlinge nie.

Eienaar en uitgewer:**Stigting Woord en Wandel**

G de Jager (voorsitter)

BJ Kamphuis

A Bron (sekretaris)

Tel. (012) 332-0943

E-pos (Stigting):

berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker:

Printburo

Tel. (012) 335-9134

Redaksie:

Greet de Vries

Hans Moes

Petro Hofsink

Juul Douma

Riaan van Alten

Herman van der Linden

Redaksieadres:

e-pos: jdouma@absamail.co.za

Saxenburgsingel 14

Oakglen

Bellville 7530

Tel. (021) 919-5176

Nederland:

Mev. H van de Weide

Oldenkottebrink 60

7544 LP Enschede

Tel. (053) 478 4561

Administrasie:

Mev. G van der Meulen

Posbus 31195

Waverley 0135

Tel. (012) 332-3639

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel

Nedbank Gezina

Takkode: 16 03 45

Rek. nr: 1603 031 820

Vermeld asb u naam**en lidnommer****Intekengelde (per jaar):**

E-pos RSA R40

Buiteland €10

RSA per hand R90

per pos R100

Buiteland:

Seepos €30

Lugpos €40

Hoekom al hierdie teoloë wel meerdere vergaderings maar nie kerkraadsvergaderings hoof by te woon nie, ontgaan my. As hulle aanwesigheid nodig is as kundiges, kan hulle per saak wat behandel word, genooi word (soos ook ouderlinge en ander deputate). Meerdere vergaderings begin dus lyk na **‘n raad van predikante**. Dieselfde span predikante woon ook jaar in jaar uit die meerdere vergaderings by, terwyl die ouderlinge steeds wissel. Dit mag lei tot gebrek aan verfrissing en ‘binnevettery’. Meer afgevaardigde ouderlinge sou dit dalk kan deurbreek.

Uit die amptelike verslae kan ek nie aflei dat daar hoegenaamd besin is oor die besluit om minder ouderlinge op meerdere vergaderings te hê nie. Hoewel ouderlinge deurgaans ten minste 90% van die kerkrade uitmaak, is hulle blykbaar nie ewe goed of bekwaam om, in dieselfde verhouding as op die kerkraad, die belange van plaaslike kerke op meerdere vergaderings te verteenwoordig en te behartig as die predikante nie.

Uit my eie tyd as ouderling onthou ek wel die moeite wat dit gekos het om ouderlinge te vind as afgevaardigdes na sinodes. Dit is inderdaad deurgaans ontwrigtend vir ‘n gewone werker (in loondiens of met ‘n eie besigheid) om tyd vry te maak en die belange van sy kerk op ‘n meerdere vergadering te behartig. Verder was die onderwerpe wat behandel is op meerdere vergaderings, ook nie altyd aanslokkend nie. Maar ek dink dat oor hierdie sake (intensiteit, plek, duur en metode van meerdere vergaderings hou) besin moet word. Daar kan byvoorbeeld aan

tele-vergaderings gedink word, wat baie tyd, moeite en koste sal bespaar. Dan word dit makliker vir ouderlinge om deel te neem. Dit word wel nie voorsien in die DKO nie, maar ons eie tyd het ook besliste moontlikhede en verbeteringe.

Ek meen dat die gereformeerde manier van kerkregering van ons meerdere vergaderings stilswyend wel baie eensydig begin oorhel in die rigting van **“dominokrasie”**, die regering van die kerk deur ‘n raad van predikante. As die gereformeerde beginsel van kerkregering deur ‘n predikant en ‘n tiental ouderlinge goed is vir ‘n plaaslike kerk, sien ek nie die noodsaak daarvan dat ouderlinge ‘n minderheid moet word op meerdere vergaderings nie.

Ek skryf dit in volle **vertroue** op en met **hoë respek** vir ons predikante en sendelinge as bedienaars van die Woord. Dit is beslis nie die bedoeling om op “gevoelige tone” te trap nie en ook nie ‘n saak van “demokratiese” regte van ouderlinge nie. Dit gaan oor die beginsel van gereformeerde kerkregering op alle vlakke. Dit word in ons nuwe kerklike bestel wel baie sterk verwring, dalk met ‘n beroep op die DKO van amper 400 jaar oud.

Graag sal ek sien dat daar **‘n publieke bespreking** van hierdie sake kom, sodat die gewone kerkvolk ook duidelik insig kan kry in die huidige regering van ons kerke deur meerdere vergaderings.

† † †